Sondag **29 September**

**Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:16-21**

**Fokusgedeelte: 2 Petrus 1:16-21 (AFR53)**

**God se Woord skyn soos ’n lamp in die donker tot ons troos**

Dwaalleraars het die apostels beskuldig dat hulle kunstig verdigte fabels nagevolg het toe hulle Christus bekendgemaak het (vs 16) maar Petrus leer dat hy, Jakobus en Johannes saam met Christus op die berg van verheerliking was (vs 17, 18), hulle het sy heerlikheid gesien, hulle het God se stem gehoor toe Hy gesê het: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Hulle is drie oor- en ooggetuies van die gebeure.

Die profetiese getuienis van die Ou Testament en die apostoliese getuienis van die Nuwe Testament is goddelik/gesaghebbend. Dit is dieselfde boodskap, want die Ou Testament profeteer Christus se koms en die Nuwe Testament beskryf die vervulling daarvan.

En dit alles het geskied deur die werk van die Heilige Gees – deur Hom gedrywe het die heilige mense van God gespreek (vs 21). Die woord “gedrywe” kom uit die skeepvaart, vir ’n skip wat deur die wind voortgedrywe word. Die skip het die wind in sy seile om dit in die regte rigting te stuur. Dit is ook beeld van ’n stormwind wat met onweerstaanbare krag meevoer. Die Heilige Gees het die profete en apostels so aangedryf/gestuur dat hulle God se woorde aan die mense sou deurgee. Hy het letterlik sy woorde uitgeblaas en in hulle gedagtes ingeblaas sodat hulle na hulle eie styl gespreek het, maar dit was volkome God se Woord.

En omdat die hele Woord deur God geïnspireer is, noem ons teks dit ’n profetiese woord wat baie vas is, waarop julle tog moet ag gee soos ’n lamp wat in ’n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek en die môrester opgaan in julle harte (vs 19). Lank nadat die profete en apostels heengegaan het, skyn die lamp van die Woord nog in ’n donker wêreld, omdat dit die Woord van God is waarin sy Gees spreek. Hierdie lamp lei ons op die regte pad te midde van die duisternis van Satan se aanslae en die sonde, en troos ons.

Maar dan moet die Woord reg uitgelê word. Vers 20 leer duidelik dat geen profesie van die Skrif ’n saak van eie uitleg is nie, die mens kan nie die Woord wil interpreteer om die betekenis daarvan vas te stel nie. Die regte uitleg kan net deur die Heilige Gees, die Skrywer van die Woord kom deur die Skrif homself te laat verklaar, Skrif met Skrif te vergelyk. Dan skyn die waarheid van die Woord soos ’n lamp in ’n sonde-duister wêreld.

En dit is ’n lamp wat sal bly skyn totdat Jesus Christus, die blinkende en glansende, helder môrester weer sal verskyn, tot die voltooiing van ons verlossing. Dan eers sal die lig van die lamp van God se Woord vervang word deur die Lig Jesus Christus wat in ewigheid die Lamp sal wees wat alles sal verlig. Tot op daardie dag sal God ons deur sy Woord en Gees teen die kwaadwillige planne van Satan beskerm wat hom teen God se Woord en kerk rig, en sal Hy ons elke dag vertroos met Christus, die enigste troos.

*Sing: Psalm 119-1:39*

*Ds. CJJ (Jaco) Putter (Potgietersrus)*